

# DIE HUISGENOOT

## Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

DEEL XIX, No. 892.]

28 JUNIE 1935

GEREGISTREER AAN DIE HOOF-  
POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD

[PRYS 4d.

## KUNSWEDSTRYDE

(i) IN TRANSVAAL.

Die Johannesburgse Afrikaanse Kunsvereniging het ons sy vyftiende jaarboek met die volledige program van die Vereniging toegestuurt. Die voorsitter, mnr. W. J. du P. Erlank, noem dit in sy voorwoord 'n „jaarboekie”, maar dit beslaan darem 84 bladsye. Hierin word alle besonderhede aangaande die program vir die komende wedstryd aangegee vir deelnemers en belangstellendes. Die wedstryde vind plaas op Johannesburg: Voorlopige wedstryde in Musiek, in die Selbornesaal op 2 tot 14 September 1935; in Letterkunde, Eendragsaal, Brumfontein op 2 tot 14 September 1935; en die finale wedstryde in die Selbornesaal en Stadsaal op 23 tot 28 September 1935. Die Wette en Bepalings is verkrygbaar by Die Sekretaris, Afrikaanse Kultuurvereniging, Posbus 2075, Johannesburg (Beckettgebou 65A, Presidentstraat). Die laaste datum vir die ontvang van inskrywings is 17 Augustus 1935, laat inskrywings 24 Augustus 1935.

Hierdie kunsvereniging het reeds besondere sukses behaal en pragtige werk gedoen nie net vir die Afrikaanssprekende gemeenskap op Johannesburg nie, maar vir die Afrikaanse kultuur in die algemeen. Uit die voorwoord van die voorsitter haal ons aan:

„Soveel is reeds gedaan. Soveel wag nog om gedaan te word in die gloedbrand van 'n groot liefde. Die Kunsvereniging wil meer en meer word 'n groot liefde, 'n groot idee in aksie, want dit alleen is bestand teen die oormag van materialisme. Wat die Afrikaner opgebou het in sy eie siel, skoonheid wat hy vir homself geskep het uit die nederige boustowwe van sy eie volkslewe — dit alleen is sy onvervreemdbare eiendom, dit alleen is sy erkende bydrae tot die beskawingsrykdom van die wêreld.”

Mag hierdie hoë en dienende strewe met al die sukses bekroon word wat dit verdien. So 'n vereniging kos die bestuur oneindig baie onbaatsugtige werk, en die welslae hang af van die bemoedigende ondersteuning van deelnemers en publiek. Hierin mag ons nie tekortsiet nie. Kultuur word gebou deur daad, nie deur wat daaroor gesê word nie. Laat ons ons Kunsverenigings en Eisteddfodau ondersteun.

(ii) IN DIE VRYSTAAT.

Ons het onlangs 'n eksemplaar van die handboek van die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging se afdeling beeldende kuns en huisvlyt ontvang. Die wedstryde in die afdeling woordkuns en musiek vind nou afsonderlik plaas en sal in Mei 1936 gehou word. Die Kunswedstrydvereniging het in die afgelope

vrae moet gerig word aan die Sekretaris, Kellnerstraat 7, Bloemfontein.

### INTELLEKTUELE WERKLOSES.

Die toenemende moeilikheid wat jong manne en vroue wat 'n tegniese of professionele opleiding gehad het, ondervind om werk te kry, is 'n verskynsel wat so algemeen en die gevolge daarvan so ernstig is dat dit nou ook die aandag van die Volkebond geniet. Die vraagstuk is onlangs oorweeg deur 'n kommissie

Ten einde die tekort aan werkgeleentheid vir intellektuele werkers te verhelp, het die Komitee van die Volkebond aanbeveel: (a) die stigting van 'n professionele of universitêre inligtingsentra in verskillende lande; (b) dat openbare of kooperatiewe liggame die bestuur van sekere takke van intellektuele arbeid op hulle sal neem wat private individue nie kan verskaf nie; (c) dat universiteite voorsiening sal maak vir die opleiding van jong intellektuele werkers vir landelike distrikte of kolonies of in nuwe lande; (d) die aangaan van internasionale ooreenkomste om werkringe vir intellektuele werkers van ander lande te verseker.

Die komitee het ook versoek dat 'n inligtingskantoor vir intellektuele beroepe daargestel moet word in die Internasionale Arbeidskantoor van die Volkebond om as koördinerende liggaam te dien vir die nasionale informasiekantore, ten einde die omruil van inligting aangaande werkgeleentheid te vergemaklik. Die Instituut vir Internasionale Samewerking sal die hele vraagstuk oorweeg en binnekort verslag uitbring.

### Aantekeninge

By die firma J. B. Wolters, Groningen, Holland, is 'n bloemlesing Nederlandse kortverhale gepubliseer deur H. Godthelp en A. F. Mirande onder die titel *Het Nieuwe Nederlandse Proza in Novellen*. Hierin is in die oorspronklike Afrikaans opgeneem 'n stuk uit *Uit Oerwoud en Vlakte* van Sangiro. In die uitstekende plate-atlas, *Onze Litteratuur in Beeld*, wat uitgegee is deur J. Kuypers en dr. Th. de Ronde, met medewerking van dr. J. G. M. Moorman en D. Wouters by die firma P. Noordhoff, Groningen, verskyn daar ook 'n paar bladsye plate oor die Afrikaanse literatuur. In die *Lectuur Repertorium* van die Algemene Secretariaat voor Katholieke Boekerijen, Antwerpen, word Afrikaanse skrywers ook behandel. Onlangs het Wereldbibliotheek, Amsterdam, *Ampie* van Jochem van Bruggen in Afrikaans vir Nederland uitgegee. In *Elzeviërs Maandschrift* het 'n baie waardeerende bespreking verskyn van *Die Ryke Dwaas* van W. E. G. Louw.

Al hierdie dinge skyn aan te dui dat Afrikaanse werke in Holland meer en meer aandag begin te geniet.

## VREES

'n Geritsel van droë blare  
Soos van iemand wat daarvoor gaan;  
Dis 'n nag vol bedekte gevare:  
Wát sluip oor die bloedlose maan?  
Huiw'rig skud wilgers hul hare  
Oor die donkertes waarin hul staan,  
En koud kruip die bloed deur my are  
In die sterwende lig van die maan.

## ETS

(In die Tzitzikamma.)

Net hier en daar  
'n Goudpilaar  
Van môresonlig in die koel, groen woud.  
Sag en fyn  
In hierdie helder skyn  
Hang elke varingblaar  
Met geel omlin;  
En oor my staan  
Die donker reuselaan  
Met klimopplant behang,  
Waar loerie-rooi  
'n Eloedplas strooi  
Deur môreson gevang.

I. D. DU PLESSIS.

ses jaar geweldig vooruitgegaan, sodat sy program vandag een van die omvangrykste in die land is. Ook vanjaar is die werksaamhede aansienlik uitgebrei. 'n Nuwigheid is by voorbeeld 'n sestal nommers wat geskik is vir praktiese uitvoerbare ontwerpe in drukwerkmodelle, waarvoor 'n Pierneef-skildery as prys uitgelooft word. Aan die skool wat die hoogste aantal inskrywinge instuur, word 'n Pierneef-houtsnee as prys toegeken. Waar enigsins moontlik gee die Vereniging kunsvoorwerpe as pryse, terwyl die gebruik van Suid-Afrikaanse ontwerpe, asook van Suid-Afrikaanse houtsoorte, oral aangemoedig word. Alle inskrywinge moet die sekretaris uiterlik op 17 Augustus bereik. Na-

van die Internasionale Studenteorganisasies, wat byeengeroep is onder beskerming van die Volkebond se Komitee vir Intellektuele Samewerking.

Hierdie kommissie het afkeur uitgespreek van enige poging om die indiensneming van vroue of van sekere klasse van 'n volksgroep op grond van ras of kleur of oortuiging. Volgens sy mening sal dit ook nadelig en selfs gevaarlik wees om beperkinge te plaas op die bywoning van voorlesings aan universiteite deur diegene wat daartoe geregtig is, en ekonomiese hinderpale moet ook nie in hul weg geplaas word deur die klasgelde te verhoog of die toelae aan arm studente te verminder nie.